deur Ashley Grimsell

BALDADIGE BULVRUGBAARHEID:

"Ma, Pa ... Waar kom kalfies vandaan?"

Kalfies, babas ... waar kom hulle vandaan? Dit is seker die ongemaklikste vraag waarmee 'n ouer gepeper kan word, en die verduideliking moet een of ander tyd volg. Onthou net, ongemak is tydelik en hoe vinniger jy die bul by die horings pak, hoe vinniger kan die biologieles end kry. Dit is 'n les wat nie op die plaas vergete mag raak nie; een waarvoor ons duur skoolgeld kan betaal in die vorm van 'n verlies aan vrugbaarheid. Oor die algemeen word daar baie klem gelê op die vrugbaarheid van vroulike diere in die kudde. Wat ons egter dikwels nie in ag neem nie, is dat die bul 'n heelwat groter impak op die kudde se produksievermoë het. Bulle moet 'n groot aantal vroulike diere in 'n seisoen met sukses kan dek om die aanteel van kalwers op die plaas te verseker.



Fotos: Wikus van der Merwe

Die ontwikkelende bul

Die toekomstige vrugbaarheid van die bul begin by die dragtige koei. Koeie moet gedurende die dragtigheidsperiode goeie aanvullings ontvang om sterk bulle met goeie reproduksievermoë te produseer. Navorsing het bewys dat tekorte wat 'n bul as kalf ervaar, nie later in die lewe reggestel kan word nie.

Die belangrikste fase vir die ontwikkelende bul is die tydperk voor hy die ouderdom van ses maande bereik. Gedurende dié tydperk groei die testes, wat die bul se langtermyn-vrugbaarheid gaan beïnvloed, asook die ouderdom waarop die bul puberteit sal bereik. Sterker groei van testes lei tot verhoogde produksie en gehalte van spermatosoë.

Die teelbul

Onvrugbaarheid kan 'n bul se kostes op die plaas deur die dak laat skiet. Onvrugbare bulle veroorsaak verlaagde konsepsie, 'n verlengde kalfseisoen, verlaagde kalfgewigte (as gevolg van die verlengde teelseisoen), en dit verhoog die aantal vroulike diere wat uitgeskot word. Al dié faktore kan 'n enorme impak op die ekonomie van die boerdery hê.

'n Bul se teelseisoen begin reeds voor die teelseisoen, met ander woorde, daar is verskeie faktore wat nog voor die bul by die vroulike diere ingesit word sy sukses in die daaropvolgende seisoen sal beïnvloed.

Gedurende die teelseisoen bestee teelbulle minder tyd daaraan om te eet en meer tyd op soek na 'n maat, dus verloor hulle geweldig gewig in hierdie tyd.

Liggaamskondisietelling

Dit is van die uiterse belang dat die teelbul reeds voordat die teelseisoen afskop die korrekte liggaamskondisietelling het.

Gedurende die teelseisoen bestee teelbulle minder tyd daaraan om te eet en meer tyd op soek na 'n maat, dus verloor hulle geweldig gewig in hierdie tyd.

Voeding in die 60 dae voor die teelseisoen is van kardinale belang, want dit neem ongeveer 60 dae vir die bul om funksionele spermatosoë te produseer. Prikkelvoeding kan in hierdie tyd aangebied word om spermproduksie en -gehalte te verhoog. Handhaaf egter 'n balans: te veel energie (in die vorm van mielies of konsentraatvoeding) kan nadelig wees vir die teelbul omrede vet in die testes neergelê word. Die grootste probleem van te veel konsentraatvoeding in die bul se dieet bly egter die ontwikkeling van laminitis weens asidose in die rumen. Laminitis het 'n nadelige uitwerking op die bul se vermoë om te loop en vroulike diere te dek. As voerinname beperk word, of as die bul nie die regte voeding en nutriënte ontvang voor die teelseisoen begin nie, sal hy verlaagde libido ervaar, wat gevolglik ook sy dekvermoë belemmer. Tekorte in proteïene, energie of spoorminerale kan ook die bul se sukses in die teelseisoen pootjie. Sink is een van die spoorminerale wat 'n groot rol in die vrugbaarheid van bulle speel.

Gesondheidsbestuur

'n Bul se gesondheid is ook uiters belangrik gedurende die teelseisoen. As 'n bul se gesondheid voor die teelseisoen in die gedrang kom, kan dit sy teelsukses en dekvermoë belemmer. Spermatosoë is baie sensitief vir temperatuurveranderings, dus moet die temperatuur van die skrotum tussen 2°C en 6°C koeler wees as die bul se gewone liggaamstemperatuur. Siektes wat veroorsaak dat die bul se liggaamstemperatuur styg, kan die bul tydelik steriel laat. Party soorte medisyne en inentings het ook 'n negatiewe uitwerking op die bul se vrugbaarheid.

Om vroulike diere te kan dek, moet teelbulle fiks wees, met 'n goeie libido. Plaas voer- en waterbakke aan weerskante van die kamp om bulle te dwing om te loop ten einde hulle fiksheid te verbeter.

Die omgewing

Moeder Natuur is nie altyd genadig nie en slegte weersomstandighede is partykeer op die spyskaart. Produsente kan die stres wat teelbulle ervaar, verminder deur die volgende praktyke toe te pas:

- Bulle wat saam in die teeltrop geplaas gaan word, moet voor die teelseisoen in dieselfde kamp geplaas word sodat hulle die rangorde solank kan uitsorteer.
- Verminder die hantering van bulle voor die teelseisoen en moet hulle ook nie gedurende die teelseisoen vervoer nie.

HIER IS 'N PAAR WENKE RAKENDE BULGESONDHEID:

- **Beplan saam met die kuddeveearts 'n inentingsprogram wat nie oorvleuel met die teelseisoen of die onmiddellik voorafgaande tydperk nie.**
- **Bespreek moontlike negatiewe effekte van sekere medisyne en entstowwe met jou kuddeveearts.**
- **As 'n teelbul voor die teelseisoen siek geword het, gun hom ten minste 60 dae rustyd voordat hy aan vroulike diere blootgestel word.**

Ten slotte

Die bul kry slegs een keer per jaar 'n kans om hom op die plaas te bewys. Deur die korrekte bestuursprogramme betyds in werking te stel, sal bulle met vlieënde vaandels slaag! ®